# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# FEBRUARIE / MAART

# 2007

## KUNS

**HG**

Eerste Vraestel : Kunsgeskiedenis

**601-1/1 A**

KUNS HG: Vraestel 1

601 1 1A HG

6 bladsye

X05

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**KUNS HG**
**(Eerste Vraestel: Kunsgeskiedenis)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES:**

Die vraestel is verdeel in DRIE afdelings.

**AFDELING A** – Internasionale Kuns (1900 tot die hede) **[90]**

**AFDELING B** – Suid-Afrikaanse Kuns (1900 tot die hede) **[90]**

**AFDELING C** – Kunswaardering en -kritiek **[20]**
Beantwoord 7 vrae:

- In Afdeling A: Vraag 1 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 2 of Vraag 3.
- In Afdeling B: Vraag 4 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 5 of 6 en Vraag 7 of 8.
- In Afdeling C: Vraag 9 en 10 is verpligtend.

- Lees eers die vraestel deur voordat jy met die eksamen begin.
- Alle vrae is opsteltipe vrae. Gee genoegsame bewyse om jou antwoorde te staaf.
- Geen krediet sal gegee word vir puntsgewyse lyste van feite of voorbeelde nie.
- Moenie inligting herhaal nie.
- Gebruik die puntetoekenning as 'n aanduiding van die lengte en omvang van elke antwoord.
- Trek 'n lyn aan die einde van elke vraag en laat 'n reël oop na elke onderafdeling in elke antwoord.

---

**TEMA:**

**Styl** kan in kuns gedefinieer word as 'n **houding** of 'n **filosofie** wat visueel weergegee word. Byvoorbeeld, die streng sosiale bestel wat die werkers van die farao's geskei het, word in antieke Egiptiese simbole gereflekteer. Dié kan gesien word in die manier waarop die simbole volgens 'n streng patroon geposisioneer is. Ander kunsvorms en kunstenaars het spesifieke kombinasies van kleur, tegnieke of inhoud gekies om hulle gelowe en / of filosofieë te weerspieël.

Hierdie vraestel vereis dat jy die verband tussen 'n kunstenaar se styl en sy / haar beskouing van die wêreld in aanmerking moet neem.

## AFDELING A
## INTERNASIONALE KUNS VANAF 1900 TOT DIE HEDE

Vraag 1 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 2 of Vraag 3.

### VRAAG 1

> *"Elke era het sy eie styl, motiewe, wysies en ritmes – 'n eie sin van ruimte en tyd"*
>
> Vladimir Gusev : **www. Quotesgalore.com**

Kies TWEE twintigste-eeuse internasionale SKILDERKUNSBEWEGINGS waarvan minstens EEN post - Tweede Wêreldoorlog moet wees. Skryf 'n opstel waarin jy die werke van kunstenaars van dié twee bewegings vergelyk, met verwysing na die volgende:

- Ooreenkomste en verskille tussen die twee bewegings
- Hoe die styl van elk van hierdie twee bewegings die kunstenaars se beskouing van die wêreld en die "motiewe, wysies en ritmes" van die tyd reflekteer

  Verwys na spesifieke voorbeelde om jou antwoord te staaf. **[45]**

**EN**

### VRAAG 2

2.1 Bespreek die werk van EEN internasionale beeldhouer of kunstenaar wat drie-dimensioneel gewerk het en wat ná die Tweede Wêreldoorlog gewerk het.

Verwys na die stylkenmerke van elke kunstenaar se werk, met verwysing na die volgende:

- Verhouding(s) tussen vorm en ruimte
- Materiale en tegnieke
- Simbole en betekenis (35)

2.2 Bespreek die kenmerke en styl van die werk van EEN internasionale toegepaste kuns-kunstenaar/ ontwerper, en sê of die bostaande verklaring in Vraag 1 toegepas kan word op voorbeelde van hierdie toegepaste kuns-kunstenaar/ ontwerper. (10)

**[45]**

**OF**

## VRAAG 3

> *"Skoonheid van styl en harmonie en bekoorlikheid en goeie ritme hang van eenvoud af."*
>
> Plato **: www. Quotesgalore.com**

3.1 Verduidelik of jy met hierdie stelling kan saamstem deur 'n bespreking van die stylveranderinge wat gesien kan word in internasionale argitektuur. Verwys na EEN Internasionale Styl-argitek (en voorbeelde van sy/haar werk) en EEN argitek wat ná die Internasionale Styl-era gewerk het (en voorbeelde van sy / haar werk).

Dui aan hoe die voorkoms, funksie en styl van argitektuur van die vroeëre voorbeelde na die latere voorbeelde verander het, en gee moontlike redes vir dié veranderinge. (35)

3.2 Bespreek die werk van EEN internasionale toegepaste kuns- kunstenaar/ ontwerper en sê of die bostaande verklaring toegepas kan word op voorbeelde van hierdie toegepaste kuns-kunstenaar/ontwerper. (10)

**[45]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [90]**

## AFDELING B
## SUID-AFRIKAANSE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE

Vraag 4 is verpligtend. Beantwoord ook Vraag 5 of 6 en Vraag 7 of 8.

## VRAAG 4

> *Verlede jaar het die Suid-Afrikaanse Nasionale Galery werke van hulle permanente versameling wat daarop gemik was om "breedvoerig te praat oor die proses van verandering" byeengebring. Die "Onderworpe aan Verandering"-uitstalling het alle vorme van transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het, oorweeg deur 'n "uiteenlopende verskeidenheid van werke wat strek oor dekades, kunstenaars en media" in te sluit.*
>
> Kim Gurney op **www. Artthrob.co.za**

Bespreek die stylveranderinge wat in Suid-Afrikaanse skilder-, beeldhouwerk en konseptuele kunste gesien kan word in 'n uiteenlopende verskeidenheid van werke "wat strek oor dekades, kunstenaars en media". Jou bespreking moet voorbeelde van kontemporêre Suid-Afrikaanse kuns insluit. **[40]**

**EN**

## VRAAG 5

> *Alle argitektuur is skuilings, alle groot argitektuur is die ontwerp van ruimte wat mense in daardie ruimte insluit, omvou, koester, verhef of stimuleer.*
>
> Philip Johnson **: www.Quotesgalore.com**

Is hierdie bewering, in jou opinie, waar wanneer dit op die styl van Suid-Afrikaanse WONINGS-argitektuur en die styl van Suid-Afrikaanse OPENBARE GEBOUE-argitektuur toegepas word. Verwys na voorbeelde om jou antwoord te staaf. **[25]**

**OF**

## VRAAG 6

> *Dit is nie die styl nie, maar die kwaliteit en emosionele impak van die kunswerk wat dit verkoopbaar maak. Ek stel dit dat tensy ons kuns verskaf wat mense raak, ons nie baie sal verkoop nie, ongeag die styl óf die onderwerp.*
>
> Jack White: **www.Quotesgalore.com**

Die sukses van 'n kunsvlytwerk of 'n toegepaste kuns-kunswerk hang af van die impak van sy ontwerp. Bespreek die werk van EEN kunsvlytpersoon / kunsvlytbeweging / toegepaste kuns-kunstenaar / toegepaste kuns-agentskap.
Watter aspekte van die styl van die werk kan deur die publiek as aantreklik beskou word? Staaf jou antwoord. **[25]**

**EN**

## VRAAG 7

Die styl van 'n drukwerk of 'n tekening word bepaal deur die tegniek, medium, inhoud en komposisie wat die kunstenaar gebruik.
Skryf 'n opstel wat voorbeelde van Suid-Afrikaanse drukkuns en tekenkuns vergelyk. Verwys na die manier waarop tegnieke, medium, inhoud en komposisie die styl van die werke beïnvloed. **[25]**

**OF**

## VRAAG 8

Baie Suid-Afrikaanse drukkunskunstenaars, tekenaars en informele kunsskole het die sosio-politieke klimaat van die tyd weerspieël.

Bespreek voorbeelde van sulke werke en verwys na die benaderings en style van kunstenaars wat hierdie groepe verteenwoordig.

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [90]**

## AFDELING C
## KUNSWAARDERING EN -KRITIEK
## VERPLIGTEND

### VRAAG 9

Die onderstaande lys van terme verwys na verskillende style van kuns. Skryf enige VYF van die onderstaande terme neer. Skryf langs elke term die kenmerke van die styl neer en gee een toepaslike voorbeeld van elk.

9.1 Niefiguurlike kuns

9.2 Figuurlike kuns

9.3 Illusionistiese kuns

9.4 Formalistiese kuns

9.5 Ekspressionistiese kuns

9.6 Skilderkunstige kuns

9.7 Linieêre kuns

9.8 Minimalistiese kuns

5x2=**[10]**

**EN**

### VRAAG 10

Alhoewel styl ’n visuele element is, kan dit ook ’n benadering (wat inhoud behels) voorstel. Bespreek die verwantskap tussen beeld / styl en benadering.Verwys na voorbeelde van popkultuur en / of kontemporêre lewenswyse waar ons die samesmelting van benadering en beeld kan sien.

Jy mag, onder andere, verwys na die volgende:

- Advertensie
- Massamedia
- MTV / klubkultuur
- Straat- / ghetto-kultuur
- Mode

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**